Dendrological Society of South Africa
Dendrologiese Vereniging van Suid-Afrika
The tree science & conservation society of South Africa | Die boomkunde & bewaringsvereniging van Suid-Afrika

Arborum silvarumque conservatio salus mundi est
'The conservation of trees and forests is the salvation of the world'
'Die bewaring van bome en bosse is die heil van die wêreld'

Die Boomkunde & Bewaringsvereniging van Suid-Afrika *The Tree Science & Conservation Society of South Africa*

Adres / Address: Postnet 2054, Privaatsak / Private Bag 82234, Rustenburg, 0300
E-pos / E-mail: dendrosoc@esnet.co.za
Web. http://www.dendro.co.za/
http://www.facebook.com/pages/DENDROLOGICAL-SOCIETY-OF-SOUTH-AFRICA/
Tel: (+27)82 575 4244 / (+27)14 533 4990
Faks / Fax (+27) 86 6707715

Grootboom-meet Kompetisie van die Dendrologiese Vereniging van Suid-Afrika in samewerking met RSG

Baie geluk aan die volgende wenners:

Kategorie 1: Groot bome met die *grootste stamomtrek op borshoogte*

Drie wenners ontvang elk 'n **kopie geteken deur die outeurs** van *Dictionary of Names of South African Trees*: Prof AB van Wyk, Dr Erika van den Berg, Meg Coates-Palgrave & Marie Jordaan, 2011. BRIZA, **PLUS** 'n kopie van *Green heritage: trees, forests and woodlands of South Africa*: Department of Agriculture, Forestry & Fisheries, 2011.

1. **Dr. Francois du Randt** van Hluhluwe in Kwa-Zulu Natal het nie minder nie as 33 spesies opgemeet. Wat hierdie bydrae besonder maak is dat hy oor ongeveer 23 jaar die groei patroon van onder andere talle voorbeelde van die *Newtonia hildebrandtii* var. *hildebrandtii* (Lebombo-wattel, endemies aan die streek) opgemeet en gedokumenteer het. Hy het die volledige lys van bome wat hy opgemeet het aan die Vereniging beskikbaar gestel sodat dit in die Nasionale Register van Grootbome in Suid-Afrika opgeneem kan word. Twee van die grootste Lebombo-wattels wat hy opgemeet het se stamomtrek by borshoogte is onderskeidelik 8,80m en 7,40m. Interessante afleidings wat hy die afgelope 23 jaar gemaak het sluit in en ek haal hom aan:
    - *"Die Lebombo-wattel bome begin krimp voordat hulle doodgaan .*
    - *Die bome groei nie eweredig oor die jare nie – dit het waarskynlik te doen met die wisselende reënval.*
    - *Ons kan aflei, mits die bome eweredig gegroei het dat hulle maklik tussen 500 en 800 jaar oud kan wees. Ekstrapoleer hierdie inligting op 'n grafiek en kyk na die afleidings!*
    - *Dit lyk amper asof die gemiddelde Newtonia spp ongeveer 0,5 cm per jaar dikker word, maar natuurlik is daar 'n hordes ander faktore, soos hoogte van die boom, en so meer."*

Naas Grové (President), Jaap Kroon (Ere-Sekretaris / Honorary Secretary), Gawie Oberholzer (Tesourier/ Finance), Izak van der Merwe (Nasionale Register van Grootbome in Suid-Afrika ©/ National Register of Big Trees in South Africa©), Owen Brett (Opleiding/ Training) & Hartwig von Dűrckheim(Media)

2. **Mnr. Chris Jordaan** van Kenhardt wat vir ons 'n baie interessante opmeting van 'n *Acacia erioloba* (kameeldoring) met 6 stamme ingestuur het. Die boom het 'n baie groot basis wat op 1 – 1,2m vertak. Chris het al die stamme by 1,4m kon opmeet. Hy laat weet ook dat 'n kleinerige tent opgeslaan kan word tussen die stamme bo-op die basis van die boom. Die gesamentlike omtrek van die ses stamme is 13,6m!

3. **Me. Linda Retief** van Smithfield wat 'n *Olea europaea* subsp. *africana* (olienhout) met 14 stamme opgemeet het. Die totale stamomtrek by borshoogte is 'n allemintige 10,15m.

Kategorie 2: Uitsonderlike bome opgemeet

Tien wenners ontvang elk 'n kopie van *Field Guide to Trees of Southern Africa*: Prof. Braam van Wyk & Piet van Wyk. 1997, Struik Publishers, Cape Town **PLUS** 'n kopie van *Green heritage: trees, forests and woodlands of South Africa*: Department of Agriculture, Forestry & Fisheries, 2011.

1. **Mnr. Wynand Breytenbach** van Montanapark het 'n *Diospyros mespiliformis* (jakkalsbessie) met 'n stamomtrek van 6,34m opgemeet.

2. **Mnr. Gideon Odendaal** van Polokwane het 'n twee-stam *Boscia albitunca* (witgat) met 'n stamomtrek van 4,06m opgemeet.

Naas Grové (President), Jaap Kroon (Ere-Sekretaris / Honorary Secretary), Gawie Oberholzer (Tesourier/ Finance), Izak van der Merwe (Nasionale Register van Grootbome in Suid-Afrika ©/ National Register of Big Trees in South Africa©), Owen Brett (Opleiding/ Training) & Hartwig von Dűrckheim(Media)

3. **Mnr. Deon den Hartog** van Die Boord, Stellenbosh het ‘n *Erythrina caffra* (Kaapse koraalboom) met ‘n stamomtrek van 4,91m opgemeet.

4. **Mnr. Carel Erasmus** van Stellenbosh het ‘n *Maytenus oleoides* (klip-kershout) met vier stamme opgemeet. Die gesamentlike stamomtrek by borshoogte is 8,9m.

5. **Me. Lisa Martus** van Haenertsburg het ‘n *Cussonia spicata* (kiepersol) met ‘n stamomtrek van 9,65m opgemeet.

6. **Me. Ronel Eksteen** van Mookgophong het ‘n *Searsia lancea* (karee) met ‘n stamomtrek van 6.69m opgemeet.

7. **Glenwood House School** in George het as skoolprojek 6 bome opgemeet. Dit is die enigste skool wat ingeskryf het en omdat ons juis die liefde en kennis van bome onder die jeug wil bevorder, is hulle ook wenners.

8. **Mnr. Willem van Jaarsveld** van Annlin het ‘n *Dovyalis zeyheri* (wilde-appelkoos) met ‘n stamomtrek van 2,94m opgemeet.

9. **Mnr. Kambro Swanepoel** van Oudtshoorn het ‘n *Ficus burkei* (gewone wildevy) met ‘n stamomtrek van 9,55m opgemeet

10. **Mnr. Gerbie Strydom** van Baltimore het ‘n *Acacia erioloba* (kameeldoring) met ‘n stamomtrek van 4,25m opgemeet. Hierdie is waarskylik die grootste kameeldoringboom in die westelike bosveld.

Nogmaals dankie aan almal wat aan die kompetisie deelgeneem het. Die pryse sal eersdaags per pos aan u versend word.

Boomgroete,

Naas Grové
President
21 Oktober 2011

Naas Grové (President), Jaap Kroon (Ere-Sekretaris / Honorary Secretary), Gawie Oberholzer (Tesourier/ Finance), Izak van der Merwe (Nasionale Register van Grootbome in Suid-Afrika ©/ National Register of Big Trees in South Africa©), Owen Brett (Opleiding/ Training) & Hartwig von Dűrckheim(Media)